

DIE MUSEUMBIBLIOTEK

Die biblioteek van die Nasionale Museum is 'n vakbiblioteek en het 'n beperkter funksie as 'n stads- of universiteitsbiblioteek. Die hoof funksie van die Museumbiblioteek is die opberging van inligting wat in verband staan met die navorsing- en praktiese werk wat deel vorm van sy aktiwiteite. Dit sluit die volgende vakgebiede in:

Geskiedenis:

(dit wil sê die geskiedenis van die blanke)

Etnologie:

Museum — 4

(die studie van die kulture, gewoontes en fisiese voorkoms van ons inheemse volkere)

Argeologie

(die studie van menslike aktiwiteite soos afgelei uit die werktuie, voedselreste en skelette van die prehistoriese mens)

Paleontologie:

(die studie van fossiele)

Entomologie:

(die studie van insekte)

Dierkunde

Taksidermie en

Opvoedkunde.

Hoewel geen boeke of tydskrifte uitgeleen word nie is studente en ander lede van die publiek welkom om enige werke te kom raadpleeg. Fotostatiese afdrucke kan gemaak word. Dit word tewens ook in die geval van navrae volgens die interbiblioteekleningskema gedoen.

Die bykans 44 000 volumes, waaroor die biblioteek tans beskik, dek egter 'n baie wyer veld as wat hierbo genoem is, aangesien die navorsingspersoneel dikwels publikasies benodig oor aanverwante vakgebiede. Die Museum publiseer ook sy eie wetenskaplike tydskrifte en ruil eksemplare daarvan uit met sowat 400 inrigtings oor die hele wêreld. Deur hierdie ruilskema word baie werke ontvang wat buite die Museum se eintlike studierrein val. Die boekevoorraad word ook aangevul deur aankope en skenkings.

UNIEKE METEORIT



Prof. L. H. Ahrens, Hoof van die Departement Geochemie aan die Universiteit Kaapstad met die opspraakwekkende Malvern-meteoriet afgeneem tydens sy onlangse besoek aan die Nasionale Museum.

Hierdie meteoriet het in November 1933 op die plaas Malvern, Dewetsdorp, geval en is veral belangrik weens sy besondere ooreenstemming met sekere maanrotse. Monsters is reeds in Parys, Frankryk ontleed en sal nou in Kaapstad met 'n elektronmikrosonde ondersoek word.

(Foto: Die Volksblad)

Photograph of the Malvern meteorite showing its internal structure. In appearance more than any other meteorite yet found in the whole world it has features which resemble certain lunar rocks (breccias). Malvern is a basaltic achondrite of the subgroup Howardites of which only a very few have yet been found.



UNIQUE METEORITE

